**2021-01-03**

**Daar is ‘n lig aan die einde van die Tonnel.**

**Openbaring 4.**

Goeie more aan u, liewe broer/suster.

Wat in voorreg om weer by u te kan besoek in die plek waar u uself bevind.

Ons gaan vandag saamlees uit Openbaring 4.

DIE OPENBARING 4:1-11 AFR83

Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: “Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur.” Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand. Sy voorkoms was soos opaal en karneool. Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag. Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone. Daar het weerligstrale, dreunings en donderslae van die troon af gekom. Vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe Geeste van God. Voor die troon was dit soos 'n spieëlgladde see, helder soos kristal. Naby, rondom die troon, was daar vier lewende wesens, vol oë van voor en van agter. Die eerste lewende wese het soos 'n leeu gelyk en die tweede soos 'n bul; die derde het 'n gesig soos dié van 'n mens gehad en die vierde het gelyk soos 'n arend wat vlieg. Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: “Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.” Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: “Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.”

Weens sy deurgaanse verkondiging van God se Woord en versuim om dit te stop het Johannes, wat die onder Andere die Evangelie van Johannes, die Briewe 1 Johannes tot 3 Johannes geskryf het en ook die boek Openbaring op ‘n eiland, Patmos waarheen hy verban is. Hy het reeds groot marteling ervaar weens sy versuim om die

verkondiging te staak, en is nou op hierdie eiland en die hele idee is dat hy letterlik moet wag om dood te gaan.

God neem Johannes op ‘n reis na hoe dit gaan lyk wanneer die einde van tyd aabreereeken Johannes het ook die geleentheid om dit neer te pen en ook so ander aan te moedig dat die einde van die tyd ‘n wonderlike belewenis gaan wees.

Een ding is seker van ons as mense. Ons hou nie sommer van verandering nie. Daar is die wat dit beter hanteer as ander, maar die onbekende aan die ander kant maak dit nie altyd so lekker nie. Dit is hier waar daardie gesegde van die lig aan die einde van die tonnel gesien word as ‘n uitkoms of ‘n trein wat aankom.

Openbaring is ‘n boek wat geskryf is vir die mense wat juis die dood gevrees het. Die gelowiges het iets gesoek om aan vas te hou om hulle moet in te praat wanneer hulle die dood in die gesig gestaar het.

as ons kyk na hoe die gedeelte aanmekaargesit is, kan ons duidelik sien die pad wat God met ons wil loop.

Vandag lees ons uit Openbaring 4. Openbaring vier is die begin van ‘n nuwe reeks hoofstukke in die boek Openbaring. Dit is die begin van die eindoordeel wat God oor die kerk gaan fel. Dit begin in die troonkamer, waar die Here is. Kom ons lees saam wat Johannes se belewenis hier was.

Dit is die tweede beeld of visioen wat die Here vir Johannes gee. Die eerste was in Openbaring 1 tot 3, dit was die beeld van die verheerlikte Christus. Dit was waar Johannes die opdrag gekry het om aan die sewe gemeentes ‘n brief te skryf. Hy probeer hier deur vir die lesers te sê dat dit wat gaan volg nie van hom as mens af kom nie, maar dat dit van die Here af kom en dat hy, wat Johannes is, slegs die boodskapper is van die lewende God wat op die troon sit en heers.

Nou in Openbaring 4 begin ‘n nuwe visioen, die van die Vader wat alles geskape het en alles in stand hou. Hy beskryf die feit dat dit ‘n nuwe visioen is deur die beeld van ‘n deur wat oopmaak te gebruik. Die deur wat oopmaak simboliseer die ingaan na ‘n nuwe plek. Dit het veral ‘n geestelike betekenis omdat die allerheiligste in die tempel ook agter ‘n toe deur was. jy kon nie net by ‘n deur ingaan sonder toestemming nie, en dit maak dit juis so spesiaal dat die Here vir Johannes innooi om te kom kyk na wat agter die deur geberg word. ‘n Toe deur het dinge verberg, maar ‘n deur wat oopgemaak was, het die openbaring van wat agter die deur was gesimboliseer. Hierdie week is die fokus op die vader in die troonkamer, Hy wat alles geskape het, en alle eer en aanbidding moet ontvang.

Wat gebeur in die troonkamer? Vir die mense van daardie tyd was ‘n troonsaal ‘n skrikwekkende plek gewees. Dit was waar die Keiser, die hoof van die land, was, en jy was net soontoe geneem as jy in groot moeilikheid was. net belangrike persone het toegang tot die troonsaal gehad, dit was hulle wat die keiser bygestaan het om die land te regeer. Die Keiser was die persoon wat oor die algemeen aanbid was en was dus ‘n God in die oë van die Romeine. Hy was gesien as die direkte seun van God. Die gode

het deur hom die land regeer en net hy of die priesters het toegang gehad om met die gode te kommunikeer.

Hier kom Johannes en gooi die hele appelkar om vir die Romeinse regering deur te sê dat dit nie die keiser is wat heers nie, maar dat dit God is wat op die troon sit. Vandag moet ons ook besef dat dit nie mense is wat heers nie, maar dat dit God is wat heers. Mense word gebruik, maar net soos ons gewone mense is hulle ook verantwoordelik voor die oë van God vir hoe hulle die land regeer.

Die stem wat soos ‘n trompet geklink het, het daarop gedui dat dit ‘n belangrike aankondiging was wat gemaak was. Dit was die rol van trompette gewees om ‘n belangrike aankondiging vooraf te gaan. Die stem sê hom duidelik dat hy nou gaan sien wat volgende gaan gebeur. Dit dien as ‘n inleiding vir die res van die boek met al die gebeure wat gaan volg. In die res van die boek tot die einde van hoofstuk 22 is ‘n hele reis wat die Here met Johannes gaan volg.

Wat sien Johannes in die troonkamer? Hy sien vir God wat op die troon sit. Dit is ‘n hoë troon waarop die Here sit en die troon is ‘n simbool van die heerskappy wat die Here het en dat Hy alleen kan oordeel. Dit was waarom trone hoog was om die koning se mag ten toon te stel. Hierdie beeld van die troonkamer het ooreenstemming met die beskrywings wat Jesaja en ook later Esegiël gee oor die troonkamer van die Here. Dit is om die Jode weer te herinner dat hulle geskrifte waar is en ook gesag dra.

Ons weet dit is God wat op die troon sit, dit is juis daarom dat Johannes die beeld van edelgesteentes gebruik om die voorkoms van God te beskryf. Dit is Johannes se manier om te sê dat dit nie ‘n gewone persoon op die troon is wat moontlik met die keiser verwar kan word nie.

Die reënboog is ‘n teken van die verbond wat die Here met Noag gehad het na die sondvloed, maar dit is ook daar weens al die lig wat daar teenwoordig is. Dit reënboog moet vir die volgelinge van die Here ‘n teken wees dat die oordeel wat gaan kom nie op hulle van toepassing gaan wees nie omdat Jesus reeds die oordeel op Homself gevel het.

Die Here wat op die troon sit het die reg om die goddeloses te veroordeel soos wat ook later in die boek Openbaring genoem gaan word, Hy is in beheer en Hy alleen het die volmag om te verlos en te verdoem.

Die Here is die nie enigste wat teenwoordig is in die troonkamer nie. Daar is ook ander wesens teenwoordig.

Daar is eerstens die 24 ouderlinge wat rondom die troon sit. Ouderlinge was oorwegend verantwoordelik gewees vir die bestuur van die kerk en om die leraar van die kerk by te staan en aan te por. Dit is vandag nog die rol van die ouderlinge in die kerk. Dit is jammer dat die ouderlinge soms hulle mag wil misbruik om die leraar uit te werk as hy op die regte pad besig is met die gemeente. Maar hierdie 24 ouderlinge is ‘n baie goeie voorbeeld van wat die rol van ‘n ouderling was en is. Dit is dus ‘n baie belangrike rol wat in die kerk gevul moes word wat groot verantwoordelikheid behels.

Wie was die 24 ouderlinge wat Johannes sien in die troonkamer? Hulle is die 12 Aartsvaders van die Ou Testament, en die 12 apostels van die Nuwe Testament. Daar is baie ander verduidelikings van wie dit kan wees, maar dit klink nie mees logiese verduideliking omdat die troonkamer tog ‘n samestelling moet wees van die ou en die nuwe verbond wat die Here met ons gesluit het. Dat dit verteenwoordigend moet wees van die Ou en die Nuwe Testamente.

Die wit klere wat die ouderlinge aan het is ‘n simbool van heiligheid en die goue kroon is ‘n simbool van koningskap en die belangrike rol wat die ouderlinge moet vul.

In hulle geval is hulle juis verantwoordelik vir die lofprysing van die Here.

Verder, behalwe vir die 24 ouderlinge was daar ook vier wesens gewees wat in ‘n kring tussen die ouderlinge en die troon was. dit was vir uiteenlopende beelde wat die volgende uitgebeeld het.

Daar is soveel verduidelikings van wat die vier wesens simboliseer, maar kom ons kyk net na een moontlike verklaring.

Die vier wesens kon die skepping verteenwoordig het. Die leeu het die edel persone voorgestel, waar die bul die sterk mense voorgestel het, die mens het die slimstes voorgestel en die arend die vinnigste. Daar is soveel betekenis en simboliek daaragter.

Elke wese het ses vlerke gehad. Dit beteken dat hulle orals met gemak kon beweeg. Die vlerke was heel moontlik as volg beskryf soos dit in Esegiël staan: dat twee gebruik was om die wese se voete te bedek, twee was gebruik om die wese se oë te bedek en die laaste twee was gebruik om mee te vlieg. Die feit dat die vlerke vol oë was dat die wese alles kon sien en sy eie oë sas bedek sodat hy neutraal kon kyk deur die oë van die Here en nie self oordeel nie.

Die rol van die ouderlinge en die wesens was om die here te aanbid. Deur dit te sê het Johannes eintlik vir ons kom meedeel dat omdat dit so in die hemel gebeur dat dit ook so moet gebeur in ons eie lewens. Ons moet die voorbeeld volg wat die wesens daarbo vir ons stel.

Dit is maklik om ons eie keisers te erken en hulle eerder te aanbid, wie is keisers in ons lewens vandag? Dit kan enige iets of iemand wees wat ons voor die Here plaas. Ons moet ook onthou dat ons ook ons gawes moet gebruik en die Here die dank en die eer moet gee vir die positiewe resultate wat ons gawes in die lewens van mense bring. So sal ons ook aan die Here die eer gee vir wat Hy doen en nie van ons en van ander keisers maak nie.

In my laaste voorbereiding van die diens het ek ‘n breuk gevat en ek en my vrou het ‘n rolprent gekyk, Jagveld. Dit handel oor die jong dame wat ‘n moord aanskou op ‘n plaas en toe die moordenaars agterkom dat sy hulle sien haar ook probeer doodmaak. Sy kry dit reg om hulle te oorwin. Die rolprent het my nogal laat dink dat ons onsself nie moet laat onderkry met die onbekende nie, ons moet dit in die gesig staar en doen wat nodig is dit te oorwin. Dit is die enigste manier hoe ons as oorwinnaars sal uittree.

God sal altyd met ons wees op die pad en Hy sal ons toerus, of die nodige hulp verleen om altyd voort te gaan.

Mag u ook die magtige teenwoordigheid van God beleef in hierdie komende tye.